

# Ontuis in die tuiste van Satan

Teks: Openbaring 2: 12 - 17

Teksvers: Openbaring 2: 13

## 1. Inleiding

Vanoggend vorder ons saam met die briewe in openbaring tot by die stad Pergamum. En sommer met aanhoor van die naam van die stad, is die akademiese belang duidelik. Want die woord Pergagum klink nie verniet so naby aan perkament nie. Dit is immers presies wat daar vervaardig is. Hierdie perkament was diervelle waarop belangrike geskifte neergepen is. En as vervaardiger hiervan Het Pergamum 'n belangrike rol gespeel in antieke akademiese geleerdheid.

Dit is dan geen verrassing dat hierdie stad oor 'n biblioteek met 200 000 boekrolle beskik het nie. Daarom het dit saam met Atene en Aleksandrië, bekend gestaan as die sentra van geleerdheid in die dag. Maar hoe het die lewe van die Christen gelowige in Pergagum by die ontvangs van die brief. En hoe vergelyk dit met ons vandag.

Want ons weet dat hierdie reeks oor die briewe uit openbaring oor die opbou ons kerk gaan. Veral in die tye waarin ons lewe en glo. Want ook in ons tyd word die spanning tussen wetenskap en geloof gereeld beklemtoon. Juis in ons huidige omstandighede word die plaaslike kerk maklik beskryf as oningelig en irrelevant. Dikwels is die plaaslike gemeente, bestaande uit swak medebroers en susters nie die tyd en moeite werd van mense nie.

Maar wat vir ons belangriker is vanoggend, is die ander dinge waarna mense uitgenooi word vandag. Juis hier waar ons ook maar in die buurt van die Satan woon. En dan is dit nie net die uitnodigings nie, maar ook veral die deelname. Want dit is op die ou einde die raakpunt tussen ons en die gelowiges in die kerk van Pergamum.

## 2. Die tuiste van Satan

Die feit dat ons in Pergamum te doen het met die woonplek van Satan, is baie duidelik. In ons teksvers, sien ons aan die begin waar die troon van die Satan is. Maar ons sien ook aan die einde die woorde waar Satan bly. Hierdie dubbele verwysing bevestig dat ons anders as laas week in Smirna, met die woonplek van Satan te doen het, en nie maar net met 'n sinagoge of groepering van hom nie.

Maar wat bedoel die teks dan met die woonplek van Satan. Daar is veral twee aspekte van die stad wat hierdie tuiste van Satan uitbeeld. Die eerste is die prominente teenwoordigheid van die Zeus altaar wat so op 'n terras gebou is dat dit uit al vier windrigtings sigbaar was. Maar dit gaan veral oor wat dit simboliseer. Onder die Romeinse gode is Zeus die hoofgod. Dus saam met Zeus en die res van die Romeinse kultuur, word daar van inwoners van Pergamum verwag om die keiser en afgode te aanbid. En soos ons duidelik in die versoeking aan Christus in die woestyn sien in Mattues 4, is dit net die Satan wat aanbidding van die Here self na iets anders wil draai. Die troon van Zeus wat bo alles uitgetroon het, kan dus maklik gesien word as die troon van Satan, in ons teksgedeelte.

Maar dit is nie die enigste prominente afgod nie. Ook Asklepion die afgode van genesing met die slang as simbool was tuis in Pergamum. By Asklepion was daar 'n wêreldberoemde mediese sentrum. Daarom is Asklepion aanbid as verlosser, veral in verband met mediese ongestelheid. Ons weet vandag dat hier waarskynlik nie meer as valse geloofsgenesing plaasgevind het nie. Tog het hierdie mediese wetenskap beoefening so impak gelaat dat die slang tot vandag toe nog sigbaar is in baie mediese kentekens. Ongelukkig het besoeke aan hierdie mediese sentrum ook

aanbidding en konsultasies met afgods priesters ingesluit. Sodoende kon die slang van ouds, die Satan 'n stewig houvas op die mense kry. Satan kon werklik hierdie plek sy tuiste maak.

### 3. Ontuis by die tuiste

Tog kan 'n mens vra wat die probleem is? Die Christen gelowiges in die kerk van Pergamum, kan mos veilige eenkant bly en hulle Godsdiens beoefen. Maar dit is nie so eenvoudig nie. Want die geloofsoortuigings van die regeerder van die land of stad raak jou uiteindelik as individu. Die wêreld het tot vandag toe nog 'n manier om jou te laat uit voel, as jy nie saam populêre denke beweeg nie.

Ons ken vandag hierdie akademiese snobistiese neerkyk van Atieste en mense uit ander godsdienste op die Christen gelowige. Maar meer as dit, die geloof van die regeerders word gewoonlik so verweef in wetgewing en regulasies, dat daar kort voor lank geloofsvervolging is. Ons sien dit ook in vandag se teksgedeelte, by Antipas. Hy word vermoor ver sy geloof. Hy word 'n geloofsmartelaar.

Ons weet dat ook van die lede van die kerk in Pergamum kompromie begin aangaan het. Hulle wou nie meer so vreemd voel in hierdie stad nie. Vers 14 en 15 oordeel en vers 16 waarsku hulle. Die Christen gelowige sal altyd vreemd wees en bly in die wêreld. Ons moet ook nooit meer as 'n tentwoning in hierdie bedeling begeer nie. Jesus sê immers self in Lukas 9: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie."

Wanneer die kerk werklik die stem van waarheid is, wat dit behoort te wees, is dit altyd onwelkom in die wêreld. Want die wêreld het sy eie wysheid en verlosser wat deur die kultuur vereer word. Paulus som ons toestand in die wêreld mooi op in 2 Korinthiërs 4: 2 "Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die

hemel ons sal oordek." Dit is ook uiteindelik juis die mense in Pergamum wat hierdie lewenswyse geleeft het wat in ons teksvers geprys word.

### 4. Tuisword by die tuiste

Tog bly die vraag oor die mense wat nie geprys word nie. Die mense wat vashou aan die leer van Billeam en die Nikolaiete, volgens vers 14 en 15. Wat is dit wat hierdie mense verkeerd doen, waaroor hulle so sterk aangespreek word. Kom ons begin by die tuiste in die stad Pergamum. Uit die ongeveer 12000 mense wat in die eerste eeu na Christus hier gewoon het, was omtrent 'n derde slawe.

As ons in af neem hoe maklik Christene vervolgt is, en die gedagte van laasweek, van pos resevering. Dan was meeste Christene waarskynlik deel van die slawe. Maar nie te min, het baie van hierdie afvalligheid, ontstaan in die sosiale atmosfeer van die samelewing. Ons lees van die volk se afvalligheid by Billeam in Numeri 25. Want alhoewel Balak nie die volk kon vervloek nie, gee hy die raad aan Billeam om die Israelitiese mans te verlei met die moabietise vroue. En kort voor lank bring die Israelitiese mans afgodsoffers.

Dit is ook wat in Pergamum gebeur het, Christene is genooi na afgodsfeeste, hier het hulle dan heerlijk gesmul aan die afgodsvleis. Want anders as die offer praktyke in die Ou Testament, is daar net 'n klein deel van offer aan die afgode afgestaan. Die res is genuttig in die tempels en feeste. By hierdie feeste het dinge ook nie lank gevat om uiteindelik losbandig te word nie. Daarom die afgodsvleis en onsedelikheid in vers 14, wat aangespreek word. Dit is mos uiteindelik ook die weg van Nikolaiete, 'n gelooflewe wat byna identies lyk aan die lewe van die ongelowige.

Hierdie gevaar bestaan natuurlik nog vandag vir die kerk. Die gevaar van gelowiges wat net te tuis word in die

wêreld. En uiteindelik so lief vir die teenswoordige wêreld word, dat die geloof agtergelaat word. En selfs al lewe hierdie oortuigings net in ons gedagtes, is God se oordeel daarvoor duidelik.

Hebreeus 4:12 sê immers: “<sup>12</sup>Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart”

## 5. Slot

Ons sluit hierdie preek af met 'n laaste blik op die eienaardige manier waarop die teksgedeelte afgesluit word. Eerstens sien ons die verborge manna. Dit is dalk nie so eienaardig nie. In lyn of juis kontras met die afgodsvleis, weet ons dat die manna uiteindelik 'n sterk verband met die liggaam van Christus het. En dit is hierin wat die eintlike troos en hoop lê. Die Christen gelowige wat einduit volhard sal deel hê, aan die verborge manna. Ons het deel aan die liggaam van Christus, en is daarom gered.

Die tweede eienaardige voorwerp is die wit klippie, met die geheime naam daarop. Opgrawings en navorsing het bewys dat daar dikwels sulke klippies as toegangkaartjies gebruik is by sportgebeure en opvoerings. Hier word dus verwys na die gelowige se toegangkaartjie wat natuurlik by die kruis van die Here ontvang word. Dit gee die gelowige toegang na 'n lewe by die Here, tot in alle ewigheid. Daarom die geheime naam wat niemand ken nie.

Uiteindelik het hierdie brief ook die belangrike waarskuwing oor Sinkritisme, die vermenging van die Christelike geloof met die wêreldse se oortuigings en gebruike. Natuurlik sê ons nie dat die gelowige nie die mediese wetenskap of enige ander wetenskap mag gebruik nie. Maar in alles moet ons vas hou aan die enigste ware God, ons hemelse Vader. En

ons verlossing op geen ander plek as by ons Verlosser, die Here Jesus Christus gaan soek nie.

Wanneer ons hierdie twee sake styf vashou, sal ons altyd vreemd in die wêreld voel. Maar in die alles is die kerk die veilige hawe waar gelowige kan welkom voel in die wêreld. Kom ons wees, waarlik 'n kerk waar mense tuis voel. Waar hulle kan ontvlug van 'n bese wêreld

Amen